

## Een in geloof



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 4:8-12; Handelinge 1:11; Matteus 25:1-13; Hebreërs 9:11, 12; Eksodus 20:8-11; 1 Korintiërs 15:51-54.

#### Geheetekst:

“En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie” (Hand. 4:12, OAB).

**I**n 1888 het ’n aantal belangrike teksverse tot groot twis onder Sewendedag-Adventiste gelei. Predikante en kerkleiers het mekaar oor twee vraagstukke die stryd aangesê – op wie of wat die tien horings in Daniël 7 dui, asook watter wet in Galasiërs 3:24 ter sprake is. Min het hulle aan die gevolge van hul vyandige houding gedink, dat dit hul bande van samesyn en vriendskap – en derhalwe die eenheid en sending van die kerk – in gevaar gestel het. Ellen G. White het hierdie toedrag van sake ten sterkste afgekeur. Almal wat by sulke debatte betrokke was, is aangemoedig om bestek van hul vriendskap met Jesus te neem. Sy sê ook dat die liefde van Jesus in woord en daad uitgeleef behoort te word, veral waar meningsverskille ontstaan het. Voorts kan ’n mens ook nie ver wag dat almal altyd oor die uitleg van bepaalde teksverse moet saamstem nie. Tog benadruk Ellen G. White ook die onontbeerlikheid van eenheid van oortuiging betreffende basiese Adventisteleerstellings (lees Ellen G. White, *Counsels to Writers and Editors*, bl. 28-32). Vandeesweek kyk ons na ’n paar deurslaggewende bybelleerstellings wat ons in die Adventistegeloof saambind, en wat beslag aan ons eenheid van oortuiging gee.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 24 November.*

## Verlossing in Jesus

Hoewel ons as Sewendedag-Adventiste in baie opsigte met ander kerkgenootskappe en oorginasies ooreenstem, beliggaam ons leerstellings 'n unieke reeks bybelwaarhede wat nie deur ander Christene verkondig word nie. Dit is juis aan daardie waarhede wat God se eindtykinders – oftewel sy oorblyfselkerk – gekenmerk word.

### **Lees Handeling 4:8-12, asook hoofstuk 10:43. Watter deurslaggewende rol speel Jesus in Petrus se siening oor die verlossingsplan?**

---

In sy tweede sendbrief aan die Korintiërs omskryf Paulus die blye boodskap soos volg: “dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het” (hfst. 5:19, OAB). Dit is deur Christus se dood dat ons met die Vader versoen word, die heelmaak van die skeiding wat sonde en die dood gebring het. Die betekenis van Jesus se dood en opstanding, asook die versoening wat Hy kom bewerkstellig het, is iets wat Christene al eeue lank bepeins. Die sentrale gedeelte van die woord versoening, is soen. Dit beteken om twee individue wat stry gekry het, weer bymekaar uit te bring; om noue kontak na skeiding te bewerkstellig; om wat apart was, weer saam te voeg. Dit is hoekom daar na Jesus se dood as sy soendood en soenoffer verwys word, want dit voeg saam ter wille van samesyn. Kerkeenheid is dus 'n gawe wat uit die versoeningsproses voortvloei.

### **Wat leer ons uit die volgende skrifgedeeltes oor die betekenis van Jesus se opstanding en dood?**

**Rom. 3:24, 25** \_\_\_\_\_

**1 Joh. 2:2** \_\_\_\_\_

**1 Joh. 4:9, 10** \_\_\_\_\_

**1 Pet. 2:21-24** \_\_\_\_\_

Hoewel ons hierdie siening oor Christus se dood en opstanding met baie ander Christene deel, verkondig ons dit binne die konteks van die “ewige evangelie” (Op. 14:6), wat op sy beurt deel van die drieengeleboodskap in Openbaring 14:6-12 is. As Sewendedag-Adventiste beklemtoon ons hierdie boodskap soos geen ander kerkgenootskap of Christelike organisasie nie.

**Die soendood en opstanding van Christus, asook die hoop wat dit bring, is 'n werklikheid. Dit is iets wat die gelowige altyd voor oë behoort te hou. Die vraag is net: Hoe doen 'n mens dit?**

## Die wederkoms van Christus

Die apostels en eerste Christene het die wederkoms van Christus as “die salige hoop” beskou (Tit. 2:13, OAB), ten volle oortuig dat Jesus se wederkoms ’n vervulling van al die profesieë en beloftes in die Bybel was. Sewendedag-Adventiste hou steeds by daardie oortuiging. Om die waarheid te sê, die advent-gedeelte van die naam Sewendedag-Adventis, sê dit prontuit. Diegene wat Christus liefhet, is gretig om Hom van aangesig tot aangesig te sien en tyd saam met Hom deur te bring. Tot tyd en wyl het die beloofde wederkoms van Jesus ’n verenigende uitwerking op ons as kinders van die Here.

**Wat leer ons uit die volgende skrifgedeeltes oor die wyse waarop Jesus na die aarde sal terugkeer? Hoe verskil dit van party van die gewilde sienings oor die wederkoms? Hand. 1:11; Matt. 24:26, 27; Op. 1:7; 1 Tess. 4:13-18; Op. 19:11-16.**

---

Die Bybel verseker die gelowige menigmale dat Jesus sy verlosde kinders sal kom haal. Oor die presiese dag en datum behoort ons ons eger nie te verknies nie. Jesus het immers gesê: “Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit” (Matt. 24:36, NAB). Duidelik het die gelowige geen klaarheid in dié verband nie. Om die waarheid te sê, niemand weet wanneer dit gaan gebeur nie.

Aan die einde van sy aardse bediening vertel Jesus die gelykenis van die tien maagde (Matt. 25:1-13), ’n versinnebeelding van die wederkoms-afwagende kerk. Die twee groepe maagde dui op die twee tipes gelowige wat bely dat hulle na Jesus se wederkoms uitsien. Op die oog af lyk hulle eenders. Eers met die vertraging van die wederkoms kom die ware verskille aan die lig. Ten spyte van die oponthoud het die een groep eger aan die wederkomshoop vasgeklou en derhalwe die nodige geestelike voorbereiding gedoen. Met hierdie gelykenis toon Jesus aan sy dissipels dat die geloofspad nie uit opwinding en oomblikke van vervoering bestaan nie, maar uit ’n stille en vaste vertrouwe op die genade van die Here, en volharding in die geloof selfs wanneer daar geen konkrete bewyse vir die vervulling van God se beloftes is nie. Jesus vra ook dat die moderne gelowige moet “waak” sodat ons te alle tye vir sy wederkoms gereed kan wees.

**Die naam Sewendedag-Adventis is opsigself ’n getuienis van die belangrikheid van die wederkoms. Die vraag is net: Hoe kan elke gelowige die werklikheid van daardie wederkomshoop afsonderlik voor oë hou? Hoe kan ons keer dat ons nie dieselfde fout as die vyf onverstandige maagde maak nie, deurdat ons die wederkomshoop na jare se lidmaatskap laat vaar nie?**

## Jesus se bediening in die hemelse Heiligdom

In die Ou Testament het die Here vir Moses beveel om 'n tabernakel of “tentwoning” te bou, sodat God “in hulle midde” – d.w.s. op aarde – kon “woon” (Eks. 25:8, OAB). Met behulp van die tabernakeldienste het God die verlossingsplan aan die Israeliete bekendgemaak. Daardie tenttabernakel is later, in die tyd van Salomo, met 'n imposante tempelgebou vervang (1 Kon. 5-8). Die tenttabernakel en tempel is beide op die hemelse heiligdom geskoei, “die ware verbondstent, wat deur die Here opgerig is en nie deur 'n mens nie” (Heb. 8:2, NAB; lees ook Eks. 25:9, 40). Van die hemelse heiligdom lees 'n mens oral oor in die Skrif. Dit word as 'n wesentlike verskynsel aanvaar en is die hoofwoonplek van die Allerhoogste. Die dienste in die aardse heiligdom vorm deel van die verlossingsplan en van Jesus se uiteindelijke priesterlike bediening in die hemel. Daardie tabernakeldienste was soos “profetiese treë in die regte rigting.”

**Lees Hebreërs 8:6; 9:11, 12 en 23-28; asook 1 Johannes 1:9-2:2. Wat leer ons uit hierdie gedeeltes aangaande Jesus se bediening in die hemelse heiligdom?**

---

---

---

---

Sedert sy hemelvaart is die hemelse heiligdom die plek waar Jesus sy priesterlike bediening vir ons verlossing volvoer (lees Heb. 7:25). Vandaar die oproep aan die gelowige: “Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Heb. 4:16, OAB). In die aardse tabernakel het die priesters 'n tweefase-stelsel gevolg – die daaglikse diens in die heilige deel, en dan die jaarlikse diens in die allerheiligste. Jesus se hemelse bediening word op dieselfde wyse in die Bybel beskryf. In die heilige bring Hy bemiddeling, vergifnis, versoening en herstel. Deur Jesus as Middelaar het die boetvaardige sondaar onmiddellike toegang tot die Vader (1 Johannes 2:1). Sedert 1844 verskuif Jesus se werksaamhede na die allerheiligste, waar oordeel en reiniging die hoofsaak is – soos dit eenmaal 'n jaar op die groot Versoending in die Ou Testament gebeur het (Lev. 16). Hierdie reiniging van die heiligdom steun op die vergieting van Jesus se soenbloed. Die boetedoening en versoening wat op daardie dag verkry is, is eintlik 'n soort skadubeeld. Dit wys vooruit, op die uiteindelik toepassing van die geregtigheid wat Christus met sy soendood vir ons bewerkstellig het. Dit is 'n geregtigheid wat op die totale verwydering van sonde uitloop. Fase 2 is dus 'n voltoering van die versoeningsdaad, waardeur die liefdevolle heerskappy wat God voorheen oor die heelal gehad het, herstel word. Die leerstelling oor hierdie tweefase-bediening is die Adventistekerk se unieke bydrae tot hoe die mens die verlossingsplan verstaan.

## Die Sabbat

Nog 'n besonder deurslaggewende leerstelling waarin Sewendedag-Adventiste glo, en waarby ons hou, is dié oor die sewendedag-sabbat. Dit is 'n belangrike een wat ons saambind. Dit is 'n leerstelling wat bykans uniek aan Sewendedag-Adventiste is, hoewel een of twee ander groepe ook die Sabbat vier. Die Sabbat is God se geskenk aan die mensdom, reg aan die begin tydens die skeppingsweek (Gen. 2:1-3). Met die daarstelling van die Sabbat as deel van die skepping het die Here drie dinge gedoen: (1) Hy het op die Sabbat gerus, (2) Hy het dit geseën, en (3) dit ook geheilig. Met hierdie drie handelingte het God die Sabbatdag as geskenk aan die mens ingestel, waardeur die eerste mense letterlik hemel op aarde kon beleef, en om erkenning aan God vir sy sesdagskepping te gee. Die welbekende rabbi Abraham Joshua Heschel verwys na die Sabbat (en hier parafraseer ons vir die Afrikaans) as 'n "paleis in tyd en ruimte" – 'n heilige dag, 'n spesiale ontmoeting tussen die Here en sy kinders.

**Watter nut het die Sabbat vir die mensdom? Eks. 20:8-11; Deut. 5:12-15; Eseg. 20:12, 20.**

---

---

Sewendedag-Adventiste hou die Sabbat omdat ons graag Jesus se voorbeeld wil volg (Luk. 4:16). Die feit dat Hy aan sinagogedienste op 'n Sabbat deelgeneem het, bewys dat Jesus dit as 'n rus- en aanbiddingsdag goedgekeur het. Party van sy wonderwerke is op 'n Sabbat gedoen. Daarmee wou Hy toon dat Sabbatsviering tot twee soorte herstel lei – liggaamlik en geestelik (lees Luk. 13:10-17). Die apostels en die eerste Christene was dit eens dat Jesus nie die Sabbatdag afgeskaf het nie. Hulle het dit immers self gevier en ook op daardie vir aanbidding byeengekom (Hand. 13:14, 42, 44; 16:13; 17:2; 18:4). Die prag van die Sabbat eindig ook nie daar nie. Dit is ook 'n teken van die mens se verlossing van sonde. Die Sabbat is 'n gedenkteken dat God sy volk uit Egipteland en uit slawerny bevry het; en dat Hy hulle rus in die beloofde land, in Kanaän, wou skenk (Deut. 5:12-15). Hoewel Israel vanweë hul volgehoue ongehoorsaamheid en afgodery nie daardie rus kon ingaan nie, bly God se belofte aan sy kinders staan: "Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God" (Heb. 4:9, OAB). Elkeen wat daardie rus opreg begeer, kan dit deur geloof in die verlossing wat Jesus ons bied, ingaan. Die Sabbat versinnebeeld daardie geestelike rus in Christus, dat ons op sy werke staatmaak, en nie ons eie nie. Hy red ons van sonde en skenk ons die ewige lewe (lees Heb. 4:10, Matt. 11:28-30.)

**Die Sabbat help 'n mens om daardie eenheid en samesyn te ervaar wat Jesus vir sy kinders begeer. Het jy dit al op 'n tasbare wyse ervaar?**

## Die dood en die opstanding

“Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens ’n lewende wese geword het” (Gen. 2:7, NAB). Hier, met die skepping van die mens, sien ons dat God die oorsprong van lewe is. Is onsterflikheid dus ’n aangebore eienskap by die mens? Nee. In die Bybel lees ons dat God alleen onsterflik is (1 Tim. 6:16) en nie die mens nie. In dié opsig verskil ons hemelsbreed van God. “’n Damp wat ’n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn” – dit is hoe die Bybel ons bestaan beskryf (Jak. 4:14, NAB) – en wanneer ons doodgaan, verkeer ons in ’n soort slaaptoestand, een waarin ons bewusteloos is (lees Pred. 9:5, 6, 10; Ps. 146:4; Ps. 115:17; Joh. 11:11-15).

Hoewel die mens as ’n sterflike wese gebore word, en aan die dood onderhewig is, het ons die belofte van die ewige lewe en onsterflikheid. Die Bybel sê dat Jesus die bron van onsterflikheid is, en dat Hy dit aan elkeen belowe wat in Hom en sy verlossing glo. “Die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here” (Rom. 6:23, OAB). Jesus Christus “het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring” (2 Tim. 1:10, NAB). “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Joh. 3:16, OAB). So, die hoop van lewe na die dood is wel daar.

**Lees 1 Korintiërs 15:51-54 en 1 Tessalonisense 4:13-18. Wat sê hierdie skrifgedeeltes vir ons i.v.m. lewe na die dood en wanneer daardie gawe die mens te beurt gaan val?**

---

---

---

Die apostels Paulus stel dit duidelik: Onsterflikheid is nie ’n gawe wat by die dood aan die mens geskenk word nie. Nee, dit gebeur eers met die wederkoms van Christus. Met sy/haar bekering ontvang die gelowige die belofte van die ewige lewe. Die vervulling van daardie belofte kom egter eers in die opstandingsmôre. Dat ’n mens se siel direk na die dood hemel toe gaan, is nie ’n Nuwe-Testamentiese idee nie. Dit is ’n heidense siening en kom uit die antieke Griekse filosofie. Nóg die Ou nóg die Nuwe Testament leer dit.

**Hoe help hierdie waarheid oor die toestand van die dode ons om ’n dieper waardering vir die beloofde wederkoms te hê? Hoe bind dit ons op ’n kragtige wyse as Sewendedag-Adventiste saam?**

**Vir verdere studie:**

Ellen G. White, “The Foundations, Pillars, and Landmarks,” bl. 28-32, in *Counsels to Writers and Editors*. Lees die inskrywing “Doctrines, Importance of,” bl. 778, 779, in die Ellen G. White Encyclopedia. As Sewendedag-Adventiste stem party van ons oortuigings met dié van ander Christene ooreen. Die mees basiese van daardie gedeelde oortuigings is natuurlik die een wat sê dat verlossing slegs deur geloof in die versoenende en plaasvervangende dood van Jesus kom. Saam met ander Christene glo ons dat geregtigheid nie deur ons eie werke kom nie, maar deur dié van Christus – ’n geregtigheid wat ons deur geloof toegereken word. Dit kom nie deur verdienste nie, maar is ’n genadegawe. Let op Ellen G. White se bekende opmerking in dié verband: “Soos ons verdien het om behandel te word, is Christus behandel; sodat ons die behandeling kan ontvang wat Hóm [alleen] toekom. Vir ons sonde – waarin Hy geen aandeel gehad het nie – is Hy ter dood veroordeel. Hoekom? Sodat ons deur sy geregtigheid regverdig gemaak kan word, ’n regverdigheid waarin ons geen aandeel het nie. Die dood wat ons verdien het, het Hy gesterf, sodat ons die lewe kan ontvang wat [slegs] Syne was” (*The Desire of Ages*, bl. 25). Wanneer ons ons basiese leerstellings asook die praktyke en lewenstyl wat daaruit voortvloei, as ’n geheel beskou, verleen dit ’n eiensortigheid aan Adventisme binne die Christendom. Dit is immers hoe dit moet wees. Sonder daardie uniekheid is daar tog nie ’n bestaansrede vir die Sewendedag-Adventistekerk nie, of hoe? Ons liefde vir Christus tesame met die boodskap wat ons verkondig, is dus die kleefmiddel wat ons op ’n kragtige wyse saambind.

**Vra vir bespreking:**

1. Op bl. 103 van *Faith and Works* praat Ellen G. White van regverdigmaking en die vergifnis van sonde, en stel die twee aan mekaar gelyk. Deur Christus ontvang ons daardie tweesydigse genadegawe. Op watter manier vorm die koestering van daardie beginsel die grondslag van ons onderlinge samesynsband?
2. Bepeins die belangrikheid van basiese leerstellings ter wille van kerkeenheid. Dit wil sê – is dit nie juis hierdie gedeelde leerstellings wat miljoene der miljoene mense van uiteenlopende etniese, politiese en kulturele agtergronde saambind nie? Wat sê dit vir ons oor die deurslaggewendheid van leerstelling – nie net vir die kerk se sending en die evangelieboodskap wat ons verkondig nie, maar ook vir kerkeenheid?
3. Die naam Sewendedag-Adventis is die vergestaltung van twee deurslaggewende leerstellings, die Sewendedag-sabbat en die wederkoms. Die een deel van ons naam dui op die skepping, die ander op ons verlossing. Hoe hou dié twee leerstellings met mekaar verband? In watter opsig(te) is dit die Sewendedag-Adventistekerk se aard en wese in ’n neutedop?

**Opsomming:** Sewendedag-Adventiste deel ’n aantal basiese leerstellings. Party van hulle stem ooreen met dié van ander Christene, en ander nie. Tesame is hierdie leerstellings identiteitsgewend. Dit toon ons uniekheid as kerkgenootskap en vorm die grondslag van ons eenheid in Jesus Christus.